

Curriculum Vitae

van Frederik Rudolph van Dyk

Inhoudsopgawe

Persoonlike besonderhede	2
Werks- en kontakbesonderhede.....	2
Akademiese inligting: Skoolvlak.....	2
Nie-akademiese betrokkenheid: Skoolvlak.....	3
Kultuur en Sport.....	3
Leierskap	3
Universiteit.....	3
Leierskap en verwante aktiwiteite.....	3
Skryfwerk	4
Sport en persoonlike vermaak.....	4
Skynmosies en -verhore.....	4
Publikasies, doseerwerk en werkservaring op regsgebied	5
Vakjoernaalpublikasies en referate aan konferensies.....	5
Vakansiewerk.....	6
Persoonlike motivering	6

Persoonlike besonderhede

ID-nommer:

Geboortedag:

Tuisdorp:

Huistaal: Afrikaans

Tweede taal: Engels

Ander tale: Nederlands (lees- en skryfvaardig)

Werks- en kontakbesonderhede

Status: Voltydse werk en nagraadse student

Werkgewer:

Instelling: Universiteit Stellenbosch

Kursus: BA Regsgeleerdheid (2017) LLB (2021) LLM (ingeskrewe)

Plek van verblyf:

Adres(tuisdorp):

E-pos adres: fredvandyk96@gmail.com

Sel:

Universiteit

Leierskap en verwante aktiwiteite

- (a) Klasverteenwoordiger vir Eerstejaar Regstudente 2015
- (b) Klasverteenwoordiger vir Afrikaans-Nederlands student 2017.
- (c) Lid van die *Responsa Meridiana Studentejoernaal* redaksie 2016.
- (d) Sekretaris van die US Sokratiese Vereniging ('n filosofie vereniging) 2016.
- (e) Voorsitter van die **Adam Tas Studentevereniging vir Afrikaans** vir die 2015/2016 termyn ('n verenging om die Afrikaanse taal aan die Universiteit Stellenbosch te bemark en te steun).
- (f) Dien as Huiskomitee-lid in Helshoogte Manskoshuis 2016-2017.
- (g) Dien as **Primarius** van Helshoogte 2017-2018.
- (h) Dien as **regskonsultant vir ElectUS** 2018 (die US Studenteraad se verkiesingskomitee).

- (i) Lid van die **2018 SU-KU Leuven Think Tank**, 'n veeldisziplinêre denkskrum bestaande uit 'n groep toppresterende studente. Die uitruilprogram word jaarliks deur die US Internasionale Kantoor aangebied onder leiding van die gerekende Professor in Ekonomie Johan Fourie.
- (j) Navorsingsassistent aan die **Suid-Afrikaanse Leerstoel vir Sakereg** vanaf 2019 tot op hede.
- (k) **Uitvoerende direkteur en maatskappysekretaris** van StudentePlein NWO, 'n organisasie wat hom beywer om tegnologies-gevorderde oplossings aan Stellenbosse studente te bied wat in Afrikaans wil studeer, en om sodoende kennisskepping en navorsing in Afrikaans te rugsteun.
- (l) Verkies as **Sekretaris van die uitvoerende komitee van die US Konvokasie** (die alumni-liggaam van die US) vir die termyn 2020-2023.

Skryfwerk

- Ek skryf gereeld vir die aanlyn nuusblaaië, onder andere Litnet, *Die Burger* en Netwerk24 oor aktuele politieke en sosiale kwessies. Op Litnet is ek 'n [gereelde bydraer](#).
- Sedert my skooljare skryf ek gereeld Afrikaanse digwerke, en het sedert 2015 elke jaar in die US Afrikaans-Nederlands departement se studentedigbundel *Penseel* gepubliseer.

Sport en persoonlike vermaak

- Ek neem graag aan driekamp toernooie deel en het die **2019 en 2021 IRONMAN** driekampbyeenkomste suksesvol voltooi.
- Ek geniet **padfietsry** en poog om gereeld aan fietswedrenne deel te neem, soos die Kaapse Fietstoer en die Rapport Fietstoer. Ek geniet ook **opewater-swemkompetisies en langafstand drafkompetisies**.
- Ek geniet dit om te kook. **Kookkuns** behels kreatiwiteit en risiko, maar ook gasheerskap en gasvryheid, wat myns insiens belangrike menslike eienskappe is.
- Ek is 'n **vlieghengel en jagentoesias**. Die geduld en strategie wat hierdie aktiwiteite verg is wat my daartoe aangetrek het.

Skynmosies en -verhore

- a) Lid van wenspan in die **2016 US Romeinse reg mosiehofkompetisie**.
- b) Lid van wenspan in die **2017 US Strafred skynverhoorkompetisie**.
- c) Semifinalis in die **2017 US Sakereg mosiehof kompetisie**.

- d) Lid van wenspan in die **2018 Cliffe Dekker Hofmeyr (CDH) Menseregte mosiehofkompetisie**.
- e) Lid van wenspan in die **2018 Juta Strafreg skynverhoorkompetisie**.
- f) Lid van naaswennerspan in die **2019 ENS Erfreg mosiehofkompetisie**.
- g) 7de plek algeheel en 4de op geskrewe betoogshoofde tydens die **2019 Afrika Menseregte mosiehofkompetisie** in Gaborone, Botswana in Julie 2019.
- h) Naaswenner van die **2019 Cliffe Dekke Hofmeyr Sakereg mosiehofkompetisie**.

Publikasies, doseerwerk en werkservaring op regsgebied

- a) Saakopgawe (“noter-up”) gepubliseer saam met my niggie Klara Cronje (LLB 2018) onder die leiding van my oupa, die afgetrede prokureur en regsrywer Dr JF Uys. **Cronje K & Van Dyk FR (2018) Guide to Cases on the Constitution** Fontes Juris: Cape Town. (Skakel: <http://www.fontesjuris.com/p13/fontes-juris/guide-to-cases-on-the-constitution-1996.html>)
- b) 2019: Deel van praktiese regsopleidingsgroep. Die module Praktiese Regsopleiding wentel om praktiese werkservaring aan die **Universiteit Stellenbosch Regshulpkliniek**.
- c) 2019-2021: Navorsingsassistent aan die **Suid-Afrikaanse Leerstoel vir Sakereg** onder leiding van gerekende akademikus Professor Zsa-Zsa Boggenpoel.
- d) Werk as **groepklasdosent** in Romeinse reg (2020-2021) en Strafreg (2021).
- e) Augustus 2021: Aangestel as **waarnemende dosent in Romeinse reg** vir die derde kwartaal van 2021.

Vakjoernaalpublikasies en referate aan konferensies

- a) Julie 2020: Publiseer vonnisbespreking in die **Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg (THRHR)** “The interlocutory or final effect of court orders: The *mandament van spolie* as a point of departure in *Metchem Steelpoort CC v Eskom Holdings SOC Ltd*” (22375/2019) [2019] ZAGPJHC 277 (13 August 2019).

- b) Oktober 2020: Publiseer 'n artikel in die Regsfakulteit van die US se vakjoernaal vir studentebydraers *Responsa Meridiana* vir my artikel "*Consignatio* as 'n prosesregtelike remedie tydens skuldeisersversuim"
- c) Januarie 2021: Publiseer 'n referaat-artikel aan die Universiteit van Belgrade Regsfakulteit getiteld "**South African land reform, constitutional environmental imperatives, and a comparative overview**" na aanleiding van 'n konferensie referaat gelewer in Oktober 2020.
- d) Februarie 2021: Begin artikelskryfwerk saam met Dr. Elsabe van der Sijde en Adv. Dr. Lerato Ngwenyama oor, onderskeidelik, die statutêre beskerming wat grondeienaars toekom wat vrywillig hul grond as beskermde gebiede laat aanwys na aanleiding van die saak *Mining and Environmental Justice Community Network v Minister of Environmental Affairs* (NGHC 2018) en die saak *Komape v Minister of Basic Education* (SCA 2020) rakende die hof se bevinding betreffende konstitusionele en gewone skadevergoeding.
- e) Mei 2021: Lewer 'n konferensie referaat aan 'n konferensie oor die kwessie van omgewingsvolhoubaarheid en die privaatreë, aangebied deur die Nederlandse *Tijdschrift voor Privaatrecht*. My navorsingstitel: "**Sustainable ownership: Finding support for sustainability in the South African common law of property**".

Persoonlike motivering

Ek is 'n gediversifiseerde mens wat glo in betrokkenheid op soveel moontlik vlakke. Ek skroom nie om hard te werk om vir myself 'n plek in die daaglikse lewe en my omstandighede te skep nie. Ek glo immers dat jy jou omgewing moet bepaal, en nie bloot deel moet word van die status quo nie, aangesien 'n produktiewe individu nie andersins 'n verskil kan maak nie. Ek is 'n voorstander daarvan om 'n sterk, deugde-gebaseerde, persoonlike eties-morele stelsel op te bou na gelang van my

Afrikaanse en Suid-Afrikaanse geskiedenis, my omgewing, my rasionele oortuiging en my hede, met 'n oog gemik op die toekoms. Daarom leer ek uit die mislukkings, tradisies en hulpbronne van my menslike omgewing, en maak net dit wat my as unieke individu sterker en wyser kan maak deel van my waardestelsel. Ek is meer as bereid, en intendeel, ek dring daarop aan, om alle aspekte van myself binne die perke wat ek stel t.o.v van ander se vryheid te ontwikkel en uit te leef. Ek is lief vir mense, hul gedrag en hul menslike gees, en ek vind dit besonder leersaam om my soms tot die posisie van observeerder van menslike diskoerse te onttrek en sodoende myself op te voed oor hoe om effektief met my medemens te werk te gaan. Ek koester 'n sterk persoonlike geloofstelsel volgens die Christelike godsdienstige filosofie, maar is steeds bereid om in gesprek te tree oor my en ander se geloofsoortuigings en die sin van die lewe in daardie opsig. Ek is lief vir diversiteit en glo in die eenheid wat in diversiteit gevind moet word as een van die hoogste waardes vir ons as mense om na te streef.

Opgesom, glo ek sterk in die bekende woorde van die Griekse filosoof Sokrates, wat eens gesê het dat hy lewenswys voorkom omdat hy *nie maak of hy weet wat hy nie weet nie*, eerder as omdat hy 'alwetend' is. Die lewe is dus 'n konstante leerkurwe, en ons moet aktiewe studente van die lewe en van wysheid wees, om ons siele, kennisvlak en wysheid voortdurend 'op te dateer'. Met 'n oop houding kan ons niks vir mekaar wegsteek nie, kan ons eerlikheid koester en oplaas uitnemend leef. Ek sal nooit eendag sê dat ek tevergeefs gelewe het nie.